


## Konsilie van die Gelooftevolk van SA

### Geloofs vraagstukke binne die Gelooftevolk

15 April 2017

Die invloed van die Waldense op die vorming van die Gelooftevolk



### Inleiding

Ons sal almal hier erken vandag dat die geboorte van hierdie volk, die Gelooftevolk, deur God ons Almagtige Hemelse Vader (YHWH) verordineer en gewil is. Nie net die geboorte nie, maar die hele geskiedenis van ons volk word gevoed en tot vandag nog gedra deur die Almagtige Hemelse Vader (YHWH) wat oor die lotgevalle van nasies en volke beskik.

Ons kan begin by die Bloedriviergelofte van 16 Desember 1838 en die Paardekraal gelofte van 11 Desember 1880 wat as duidelike bakens afgetsaan in ons volk se geskiedenis. Dit is baie opvallend dat die koloniserings

van verskeie lande wat in daardie tydperk plaasgevind het nie die karaktereienskappe van ons Geloftesvolk openbaar het nie. Die Geloftesvolk anders as ander volke, is die enigste volk wat met n eie, unieke taal, tot stand gekom het. Nie in Amerika, Australie, Nieu-Seeland of waar ook al het n nuwe volk met n eie besondere taal tydens of na die koloniseringsontwikkeling nie. God het self hierdie volk ten aansyn geroep as volk vir HOM in hierdie land.

Watter invloed sou die Waldense dan op die Geloftesvolk se volksplanting hier in die Suidpunt van Afrika he?

## ***Inhoud***

Volgens Professor JJ Pienaar in sy uitstekende navorsing, het gevind dit dat daar n direkte lyn getrek kan word van die vroeë Christelike gemeentes in Judea, Sirie, en die sewe gemeentes in Klein-Asie na gemeentes in Suid-Frankryk en Noord-Italie. Hierdie geloofslyn loop glad nie deur die Roomse Katolieke Kerk nie want dit is die Waldense wat reeds die Roomse doktrines en dogmatiese valshede ontmasker het reeds so vroeg as in 1170 nM in Lyons - Suid-Frankryk. Die naam Waldense kom van die Italiaanse woord Valdesi en in Frans is dit Vaudois en Romaans is dit Waldense. Dit beteken gewoon “mense van die valleie” soos hulle ook genoem was.

Daar is ook nog baie ander name soos die Arm manne van Lyon. Hulle het n bestaan gemaak in die onherbergsame berge en valleie en is “townaars” genoem (Valdesi) deur die vyhandige Roomse Katolieke Kerk.

Hierdie godsdienstiges het die berge en valleie goed geken en het geweet van deurgange en roetes van die gemeentes soos o.a. Smirna en Efese in Klein-Asie na die Suide van Frankryk. Die grootste sametrekking van Waldense was te vinde in die Valleie van Piedmont in Noord-Italie en Lyon, Merindol, Cabriere in Frankryk. Die berge en valleie en afgesonderde plekke het aan die Waldense skuiling gebied teen die vyandig gesinde Roomse Katolieke kerk wat reeds gepoog het om hulle uit te wis omdat die Waldense nie gekroom het om die Dwaalleerstellings van die Katolieke

Kerk openbaar te maak nie. Juis op hierdie gebied het die Waldense reeds vroeg in die 12 to 13 de eeu teenkating van die Politiese Roomse Kerk gekry teen enige vorm van openbare prediking. Die Bybel was reeds in hul volkstaal vertaal na Frans-Provensaals die taal van die gewone mense in Oos-Sentraal Frankryk. “ Die Arm manne van Lyon ” soos die Waldense ook genoem was het veral ag geslaan op die opdrag in Matt28:19,20 om te preek.

**(Mat 28:19 AOV)** Gaan dan heen, maak dissipels van al die nasies, en doop hulle in die Naam van die Vader en die Seun en die Heilige Gees; en leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.**(Mat 28:20 AOV)** En kyk, Ek is met julle al die dae tot aan die voleinding van die wêreld. Amen.

Die geskiedkundige Gabriel Audisio - verduidelik dat hulle aandrang om in die openbaar te preek, die beslisende faktor geword het vir die Roomse Kerk se gesindheid teenoor die Waldense . In daardie dae is slegs geestelikes toegelaat om te preek en die kerk het homself die reg toegeeien om iemand die gesag te gee om te preek. Die aardsbiskop Jean Bellemais van Lyon het leke amptelik verbied om te preek. Omdat Vaudes n Waldense prediker hom nie aan die verbod onderwerp en gesteur het nie het die kerk hom in 1184 geeskskommunikeer.

Volgens die Geskiedundige Euan Cameron lyk dit of die Waldensiese predikers nie die Rooms-Katolieke Kerk opsigself teegestaan het nie . Hulle het bloot die Skriftuurlike opdrag wou uitvoer soos in Matt 28:19-20 deur prediking en onderrigting. Hy se dat die Waldense feitlik tot kettery gedryf is deur n reeks verordeninge wat hulle mettertyd permanent ingeperk het.

Veroordelings deur die Roomse Kerk het uiteindelik n klimaks bereik toe die vierde Lateraanse Konsilie in 1215 die Waldense verban het. Vaudes het in 1217 gesterf en vervolging deur die Roomse Katolieke Kerk het sy volgelingen na die Franse Alpe, valleie in Duitsland , Noord Italie en sentraal en Oos Europa verstrooi. Vervolging het ook daartoe gelei dat die Waldense hulle prediking in baie gebiede moes beperk.

In 1229 het die Katolieke Kerk sy Kruistogte teen die Katare, of Albigense, in die suide van Frankryk voltooi. Daarna het die Waldense die skyf geword

van sulke aanvalle. Die inkwisisie het weldra genadelose vervolging teen al die Roomse Kerk se teenstanders gerig. Teen die 14 de eeu het die Waldense nie meer manne en vroue gehad wat aan predikingsberywighede deelgeneem het nie, maar daar het eerder n onderskeid tussen predikers en gelowiges ontwikkel. Slegs goed opgeleide manne het toe herderlike werk gedoen. Hierdie reisende bedienaars is later barbes (ooms) genoem. Die barbes het Waldense gesinne tuis besoek en hulle daarop toegele om die beweging lewendig te hou eerder as om dit uit te brei. Barbes kon lees en skryf en hulle daarop toegele in Bybel – georiënteerde onderrig en opleiding. Hulle het die Bybel in volkstaal gebruik wat hulle gehelp het om dit aan die volk te verduidelik.

Die Waldense was onder die eerste volke van Europa wat in besit was van 'n vertaling van die Heilige Skrifte. Eeue voor die Reformasie het hulle 'n handskrif van die Bybel gehad in hulle eie taal. Hulle het die onvervalste waarheid gehad, en dit het hulle die spesiale voorwerp gemaak van haat en vervolging. Selfs teenstanders het erken dat die Waldense en hul kinders n sterk Bybelse kultuur gehad het en groot dele uit die Skrifte kon aanhaal. Die Waldense het hegte gemeenskappe gehad. Hulle het binne die beweging getrou, wat oor die eeue heen Waldense vanne laat ontstaan het.

Onder diegene wat die uitbreiding van die pouslike mag weerstaan het, het die Waldense vooraan gestaan. In elke land waar die pousdom sy setel gevestig het, was valsheid en korrupsie op standvastige wyse weerstaan. Vir eeue het die kerke van Piedmont hulle onafhanklikheid gehandhaaf; maar eindelijk het die tyd aangebreek toe Rome aangedring het op hulle onderwerping. Na vrugtelose pogings teen sy tirannie, het die leiers van hierdie kerke onwillig die oppergesag van die mag erken waaraan die hele wêreld geskyn het om hulde te betoon. Daar was sommige, egter, wat geweier het om te buig onder die gesag van pous of prelaat. Hulle was vasberade om hulle getrouheid aan God te handhaaf, en om die reinheid en eenvoud van hulle geloof te bewaar. Daar het 'n skeiding plaasgevind. Diegene wat vasgehou het aan die ou geloof het hulle nou onttrek; sommige, het vaarwel gesê aan hulle geboorteland in die Alpe, en hulle het die banier van die waarheid in vreemde lande opgehef; ander het gaan skuiling soek in afgeleë valleie en rotsvestings in die berge, en daar het hulle hulle vryheid gehandhaaf om God te dien.

Aangesien die Katolieke kerk se vervolging van die Waldense voortgeduur het het groot getalle hulle in die veiliger Provence-gebied in die Suide van Frankryk gevestig soos Protestantse immigrante ook gedoen het. Die politiese Roomse Kerk het dit uitgevind en tenspyte van die talle gunstige verslae oor die lewenswyse en sedes van die Waldense is die edik van Merindol in 1540 uitgevaardig en het dit verskriklike bloedvergieting tot gevolg gehad. Die Waldense moes slegs wapens opneem om hulleself te verdedig. Hierdie konflik het hulle in die Protestantse kraal ingedwing.

En so het die Waldense hulle by die hoofstroom Protestantisme geskaar. Die Franse Hugenote, wat na Suid-Afrika gevlug het, volgens navorsings bronne, is direkte afstammeling van die Waldense. Die invloede en die vorming van ons Gelooftevolk kan dus direk en inderk afgelei word van die geloofs vertrouwe en standvastigheid van ons voorgeslagte gedurende die Groot Trek die binneland in van Suidelike Afrika.

### ***Vorming van die Gelooftevolk***

Volgens Professor JJ Pienaar in sy uitstekende navorsings werk aangaande die Waldense het hy o.a ook gevind dat nie net het Franse Hugenote na Suid-Afrika gekom nie maar ook ander stamlyne soos oa die Germaanse en die Geuse. Hy skryf ook verder dat die Waldense se geskiedenis so ver teruggaan tot by die sewe gemeentes van Klein Asie en sluit sodoende by die apostels aan.

'n Baie belangrike historikus, Fuller, het hierdie geskiedenis van die Waldense nagegaan in sy boek:

***Which Bible. True or False?*** en die volgende aanhalings kom uit hierdie bron:

***"The Reformers held that the Waldensian Church was formed about 120 AD from which date on, they passed down from father to son the teachings they received from the apostles."***

Die Waldense het nie net die suiwer geloofsyn nie, maar ook die suiwer Bybellyn deur die Donker Middeleeue bewaar, beskerm en met hulle lewens

verdedig. **Die Peshitto Bybel (150 nC) en die Itala (157 nC)** is die bewys van die outentieke bewaring van die Woord van God wat die Waldense met hulle lewe teen die Roomse Katolieke Vulgaat verdedig het:

***"But the Italic, the earlier Latin, was their own Bible the one for which they (Waldense – JJP) lived and suffered and died." ( – Fuller, p 201).***

Die Hervorming sou nie plaasgevind het as die Waldense nie die suiwer Woord van God aan die Hervormers o.a Luther en Calvyn besorg het nie. Sonder die suiwer Woord van God was die Hervorming nie moontlik nie. Toe Luther die Nuwe Testament in Duits vertaal het, het hy van die klein, Waldense Bybel bekend as die **Tepl** gebruik gemaak. Dié Bybel was klein omdat die Waldense dit voortdurend moes wegsteek:

***"It is interesting to trace back the Waldensian Bible which Luther had before him when he translated the New Testament. Luther used the Tepl Bible named after Tepl Bohemia." (-Fuller p211).***

Calvyn self was baie sterk onder die invloed van die Waldensiese geleerde Pierre Olivetanus, wat 'n neef van hom was:

***"Calvin himself was led to his great work by Olivetanus, a Waldensian. Thus was the Reformation brought to Calvin, that brilliant student of the Paris University." (-Fuller p210).***

Die Waldense het in die Hugenote opgegaan in die jaar 1562 en as gevolg van die geweldige en bloeddorstige vervolging deur die Rooms Katolieke Kerk het die Hugenote na ander lande gevlug onder andere na Suid-Afrika.

'n Groot deel van die Afrikanervolk is afstammeling van die Hugenote en vóór hulle die Waldense. Dit is deur God Drie-enig so beskik dat 'n groot genepoel van die Afrikanervolk van die Hugenote deur die Waldense tot by die apostels herlei kan word.

Op p47 van Prof JJ Pienaar se boek **Waarheid en Wysheid** kan u vasstel wie almal en op **watter plekke** die voorsate van ons volk hulle bevind het. Ons noem enkeles:

Malan – Merindol.

Terblanche – Toulon.

Lombard, Du Rand, Roux en Jordaan – Orange, La Motte, Pontair.

Gous, Theron – Nimes.

De Villiers – La Rochelle.

De la Batt – Fountenay.

Pinard, Pienaar, Fouché – Maine.

Celliers, Rousseau, Le Roux – Orleans - ens.

Dr DF Malan, self 'n Waldensiese afstammeling, maak die volgende veelseggende bewering:

**"Die werklikheid is dat in hul (d.i. die Waldense – JJP) hele geskiedenis hulle konstant bly staan het op die oorspronklike grondslae van die Christendom. Hulle was met ander woorde nooit iets ander nie as Bybelse Christene, en as sodanig het hulle regstreeks geskakel aan die Apostels en die gemeentes wat deur hulle of deur hul onmiddellike volgelinge gestig is."** – Die Malan-Gedenkboek, uitgegee deur die Malan-dagkomitee, 6 Oktober 1951, p24. Professor JJ Pienaar vervolg met die baie belangrike vraag vir ons as Geloftevolk.

### **Wat moet ons vandag by die Waldense leer?**

Dit is nie genoeg dat ons as volk ons net in die Godvrugtige geskiedenis van die Waldense verlustig en koester nie, maar ons moet ook die voorbeeld wat hulle gestel het naleef tot die eer van God Drie-enig wat ons in hierdie land tot aansyn geroep het.

Seker die belangrikste les wat die Godvresende Waldense ons wil leer is dat ons by die waarheid en die Waarheid moet bly en dit moet verdedig met alles waaroor ons beskik.

Die Waldense was eenvoudige, nederige, hardwerkende en wellewende mense. Hulle was baie lief vir die grond en het die valleie in die Alpe, waar hulle teen die moordanslae van die Katolieke skuiling gesoek het, met toewyding bewerk en die groen landerye was 'n lus vir die oog. Die Rooms Katolieke het hierdie mooi landerye verwoes, die Waldense se huise en besittings afgebrand en al hulle waardevolle dokumente vernietig en verbrand.

**Waarom?** Omdat hierdie gelowige, Godvresende mense die waarheid en die Waarheid in hulle midde gehad het. Met ons is dit vandag net dieselfde. Ons word, as volk, gehoon en gesmaad, ons word vermoor en ons kinders in die heidense skole en heiden-universiteite mislei, gebreinspoel, belieg en verraai.

**Waarom?** Omdat ons die Waarheid in ons midde het en krampagtig daaraan vaskleef net soos die Waldense.

Ons het nog die goeie vertaling van Die Bybel in ons midde. Waarom moet daar voortdurend nuwe vertalings aan ons opgedring word?

### ***Waarom speel die Rooms Katolieke Kerk so 'n prominente rol in nuwe Bybelvertalings?***

Die kloof tussen Katoliek en Protestant moet glo oorbrug word. Daar moet een, gelyke, algemene, Godverduisterde kerk en geloof tot stand kom, bekend as die wêreldkerk en die wêreldgodsdienst.

So lank as wat ons aan die Bybelse waarhede van afsonderlikheid (*'heiligwees' beteken om vir God afgesonder te word,*) identiteitsbewustheid, en ons volkskap vaskleef, sal ons gemartel, vermoor, beroof, veronreg, beswadder en beskinder word.

Met die Waldense vóór ons was dit presies dieselfde. Hulle het nie na die glorieryke, magtige getalryke en valse Rooms Katolieke Kerk gehunker nie, maar aan die waarheid en die waarheid vasgehou tot die dood toe.

Dit is die les wat ons vandag moet leer. Ons moet na die waarheid en nie na getalle kyk nie. Dit was George Bernard Shaw wat gesê het: ***Die massas is nooit reg nie, die minderheid is soms reg, maar die waarheid is altyd reg.***



Onthou die waarheid plus een is altyd 'n meerderheid. Vir die waarheid kan 'n mens jou lewe gee, maar wie wil sy lewe vir die leuen aflê?

En dit is presies wat die Waldense gedoen het. Hulle het God geloof en geprys terwyl hulle brandstapel toe gesleep is. Polikarpus, een van hulle, het op die brandstapel uitgeroep dat God vir hom 86 jaar lank goed was, waarom sal hy, Polikarpus, God nou verloën?

Die getallepolitiek waarmee oa die DA-leier besig is, en waarmee sy almal ongeag ras, kleur, geloof of identiteit in dieselfde kraal wil jaag is identiteitlose- en leuenpolitiek en geen ware gelowige kan in dié juk saam met dié ongelowiges trek nie.

### ***Wat leer die Bybel ons in dié verband?***

Nêrens in Die Bybel maak ons kennis met getallepolitiek, massapolitiek, of grensuitwissende politiek nie. Nou waarom toon sommige Afrikaners 'n drang om met Zille, die liberalis en humanis, saam te werk om 'n kleurlose, identiteitlose, geloofsgeïntegreerde ongeluksbedeling te skep?

Die antwoord is voor die handliggend: Zille en haar vermengingsbeleid is nie op die waarheid gebou nie. Die Bybel is die bron van die waarheid en wat leer dié Skrifwoord ons?

Die hele Skrifwoord kan as getuienis in dié verband geroep word, maar om ons noem net 'n paar voorbeelde:

Die integrasioniste soos Zille moet leer dat die idee van volkwees en volkbly, 'n roeping en skeppingsplan van God is. Hy gee nie net aan elke idividu sy en haar identiteit nie, maar ook aan elke volk. Verbastering en vermenging word deur God in sy Woord verbied.

Raadpleeg die leer van Bileam deur -

Numeri 22,23,24 en 31 te lees asook

Deut 23:4-5; Jos 13:22,24:9-10; Neh 13:2; Miga 6:5; 2 Pet 2:15; Judas 1:11, en Open 2:4.

Lees oor die priesterskap van Pinehas en wat hy met die integrasioniste Simri en Kosbi gedoen het in -

Numeri 25: 7-18; Ps 106:30.

Julle moet met dié nasies nie meng nie en die naam van hulle gode nie aanroep nie –

Josua 23:7.

Moet ons nou hoor dat julle groot kwaad doen deur vreemde vroue te trou –  
Neh 13:27.

God wil ook nie gelykgemaak word met die afgode nie –

Jes 46:5.

Moenie in dieselfde juk trek saam met ongelowiges nie... –

II Kor 6:14.

Voorbeelde van hierdie aard kan vermenigvuldig word. Totius, die Psalmberymmer, Bybelvertaler en gesaghebbende teoloog sê: ***Ons kan die hele Bybel tot getuie roep, maar die moderne slim liberaliste weet altyd van beter.***

Om hierdie rede word ons volk gestraf soos wat tans die geval is. Ons land is siek en melaats en nog wil ons agter die liberaliste en kommuniste aanloop. Jesaja sê ook vandag vir ons:

***(Jes 1:5 AOV) Waar wil julle nog geslaan word, dat julle voortgaan met af te wyk? Die hele hoof is siek, en die hele hart is krank.***

***(Jes 1:7 AOV) Julle land is 'n wildernis, julle stede is met vuur verbrand, vreemdes verteer julle landerye in jul teenwoordigheid, en dit is 'n wildernis soos by 'n omkering deur vreemdes.***

Die Waldense het skynbaar alles verloor , hulle aardse besittings , hul huislike geluk, hulle famillie en vreindekringe , hul vaderland en baie het ook hul lewens opgeoffer. Hulle het niks oorgehou nie. En tog was hulle ryk , want hulle het vir hulle skate bymekaar gemaak in die hemel , waar mot en roes nie verniel nie en waar diewe nie inbreek en steel nie.

Die gene van die Waldense is nog in die Geloftevolk aanwesig en daardie onverganklike erfenis wat hulle aan ons en ons kinders geskenk het, moet ons hoog ag en soos n kleinood bewaar. Ons mag hulle nagedagtenis nie vergeet nie.

### ***Samevatting en gevolgtrekking***

Die Afrikanervolk is opnuut opsoek na sy wortels omdat die liberaliste soos oa Willem de Klerk en sy meelopers ook hierdie naelstring afgesny en beswadder het. Hoe wonderlik is dit nie om te sien dat ons volk via die Hugenote en die Waldense tot met die Apostels verbonde is. Hoe wonderlik is dit nie om te hoor dat ons, net soos ons voorsate, die Waldense, deur God Drie-enig geroep word om te waak teen die verduistering van sy Woord. Soos die Waldense moet ons, ons op die standpunt van die waarheid stel. Ons moet nie toelaat dat ons deur getalle verblind word nie, want die waarheid het nie getalle nodig om die waarheid te wees nie.

In ons soeke na die waarheid moet ons weer, as volk, na die Woord van God terugkeer. Ons kan net tot die God van Bloedrivier bid om ons te help, ons genadig te wees en ons uit te red as ons gehoorsaam is en op sy Woord let. So lank as wat ons ewe mondig, ewe kordaat ons eie kop volg en ons eie pad loop, so lank durf ons nie om God se seën en genade bid nie.

Ons moet, as volk, weer soos die Godvresende digter, Watermeyer, sê;

***"Klink my tot kruik waarin u Gees weer water vir my volk sal wees."***

Vir die Waldense was die Skrifte nie slegs 'n beskrywing van Gods handeling met die mense in die verlede en 'n openbaring van pligte vir die hede nie, maar dit was ook 'n openbaring van die gevare en heerlikhede van die toekoms.